1. SONDAGSKOOL LES: Inleiding - Waarvoor staan jy?

Doel van les:

- Inleidende les in ons reeks oor Daniel en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou.

- **Ysbreker 1: Minste voete**: Elke groep probeer staan op die minste voete moontlik, bv 5 spelers het 10 voete en probeer om net 3-4 voete te hê wat die grond raak.

- **Ysbreker 2: Foot Pictionary:** Hierdie speletjie is soos gewone Pictionary, maar in plaas van met hulle hande teken, gaan een speler teken met hulle voet. Gee vir elke groep 'n stuk ongedrukte koerantpapier, 'n koki en bandana/tou of blinddoek. Hulle moet die koki vasbind aan hul voet met die bandana/tou/blinddoek en dan 'n kaartjie trek. Nou moet hulle dit wat op die kaartjie probeer teken met hul voet en die groep moet raai wat dit is. Hulle het slegs 30 sekondes om die prentjie te teken. Woorde om te gebruik:

- **Skootrekenaar/laptop, teepot,strikdas, bom en hemp**

Vandag se twee ysbrekers het voete behels. 'n Persoon se voete vertel ons twee baie belangrike dinge van hom/haar: Waar staan hulle en waarheen hulle oppad is. Iemand wat vas staan vir waarin hulle glo is 'n eienskap wat mense bewonder.

Daar is 'n paar oulike Afrikaanse spreekwoorde wat ook oor voete gaan.

Aktiwiteit: Gee die lysie spreekwoorde vir elke groep en kyk of hulle weet wat dit beteken:

- Nie 'n voet buite die deur sit nie – Nie buite gaan nie;
- Op gelyke voet – Eenders;
- Op goeie voet wees met iemand – Goeie verhouding met iemand hê;
- Iemand iets voor die voete gooi – Iemand verwyt;
- Een voet in die graf hê – Iemand wat baie oud is of dodelik siek is;
- Op groot voet lewe – Deftig lewe;
- Voetjie vir voetjie loop – Stadig of versigtig loop;
- Op staande voet – Dadelik;
- Voet by stuk hou – Nie van plan verander nie; nie afdwaal nie;
- Oor jou eie voete val – Baie lomp wees;
- Witvoetjie soek – Probeer om in iemand se guns te kom;
- Voet in die wind slaan – Weghardloop

Kry terugvoering van groepe.

Hierdie kwartaal gaan ons bietjie gesels oor Daniël en sy drie vriende. Ons gaan kyk hoe hulle as kinders van God die pad gestap het en hoe hulle in moeilike situasies moes opstaan vir waarin hulle geglo het. Ons gaan leer hoe God hulle die krag gegee het om in elke situasie die regte ding te doen.

In die Bybel word daar ook van voete gepraat. Lees die volgende vers in die groep.

Psalm 119:101: Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek U woord kan bewaar.

Wat beteken die vers vir jou? Gee vir elke kind 'n stuk papier met 'n voet op en pen om hul antwoord in neer te skryf en huistoe te neem.

Sluit af met gebed in groepe.

Skootrekenaar/laptop

Teepot

Strikdas

Bom

Hemp

Wat beteken die volgende spreekwoorde?

- Nie 'n voet buite die deur sit nie
- Op gelyke voet
- Op goeie voet wees met iemand
- Iemand iets voor die voete gooi
- Een voet in die graf hê
- Op groot voet lewe
- Voetjie vir voetjie loop
- Op staande voet
- Voet by stuk hou
- Oor jou eie voete val
- Witvoetjie soek
- Voet in die wind slaan